

Sing vooraf staande: Psalm 42:7 (p. 215)

- 7 O my siel, waarom onrustig? / En wat buig jy jou in my?
Waarom in Gods lof onlustig / as dié spotstem jou bestry?
Menigmaal het Hy jou druk / laat verwissel in geluk.
Hoop op God, in Hom weer rustig! / In sy lof sal 'k my verlustig.

Skrifberyming 5-4:2, 6 (10:2, 6)

- 2 Dis Christus wat die skuld wou dra, / die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit / en altyddeur vir ons wil bid.
- 6 geen skepsel in die skepping wyd, / geen ding in tyd of ewigheid –
niks kan ons van Gods liefde skei / wat ewig-vas in Christus bly.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 48:1 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.

Geloofsbelydenis: Apostolicum/Nicea

Wet

Psalm 51:4 (p. 261)

- 4 Net soos die lyder, van melaatsheid vry, /verlangend na die teer gemeenskapsbande,
besprinkel word deur priesterlike hande — / onsondig, HEER, onsondig so ook my!
Was my met suiwer water van dié smet / en sneeu in blankheid sal nie witter wees nie.
Laat die gebeent' wat U verbrysel het, / weer in my juig, nie meer verbrysel wees nie.

Gebed

Psalm 89:1 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

Skriflesing: Genesis 14: 18 – 20 en Hebreërs 7.

Teks: Hebreërs 7:1, 2a

Want hierdie Melgisédek was koning van Salem, Priester van God die Allerhoogste, wat vir Abraham tegemoetgegaan het by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het. (Hebreërs 7:1, 2a AFR53)

Om die Ou-Testamentiese openbaring te kan verstaan, behandel ons hierdie gedeelte onder die volgende twee opskrifte:

- 1. Die regering en versoening van die priesterkoning by Abraham**
- 2. Die versoening van die Priesterkoning en ons**

1. Die regering en versoening van die priesterkoning by Abraham

Ons lees die eerste keer van Melgisédék, die koning en priester van God, in Genesis 14:18-20.

- Dit is die geskiedenis wat verhaal hoe Abraham die koning Kedor-Laómer en die konings by hom agtervolg het tot by Dan, en hulle verslaan het. Dit was om Lot te bevry.
- Toe Abraham teruggekeer het na sy oorwinning, het Melgisédék, die koning van Salem wat 'n priester van God die Allerhoogste was, hom tegemoetgekom met brood en wyn.

Hierdie gedeelte ruk 'n mens tot besinning: Uit die bloute is daar 'n priesterkoning van God die Allerhoogste. Abraham is dus nie die enigste gelowige, soos ons geneig is om te dink nie!

As mens dit die eerste keer vinnig lees, dan lyk dit asof die koning Melgisédék bang kon wees dat hy ook dalk aangeval kon word, daarom kom hy Abraham tegemoet met brood en wyn.

- Die waarheid is egter dat Melgisédék geen aanval gevrees het nie.
- Hy tree op met groot waardigheid.
 - Hy het Abraham in die Naam van God die Allerhoogste tegemoet gegaan in die koningslaagte naby Jerusalem.
- Die priesterkoning van die Allerhoogste het in 'n stad gebly met die naam *Salem*.
 - Dit beteken *stad van vrede*. Dit is dieselfde plek as Jerusalem. Ons lees in die Amarna-briewe dat Jerusalem al 'n ou stad was toe die Israeliete in Kanaän ingetrek het.

In 'n sekere sin is dit asof Abraham hiermee 'n hoogtepunt in sy terugtog bereik het, want hy is by Jerusalem, hoofstad van die land waarheen die Here sy nageslag sou neem.

- Die stad van vrede, wat impliseer dat die vrede wat hier heers, vrede van God is.
- Daarom staan die ontmoeting tussen Abraham en die priesterkoning van hierdie stad ook in die teken van die vrede van God. Melgisédék se naam beteken *koning van geregtigheid*.
- Al is hy koning, is hy dienskneg van 'n Koning wat baie groter is as hyself – die Here.

Abraham verander tydens hierdie ontmoeting.

- Hy kom terug van die oorlog af as oorwinnaar.
- Tog het hy nie die ware vrede nie, al het hy oorwin.
- Die ware vrede kry hy eers toe hy by die stad van vrede homself weer verootmoedig voor sy God. By hom staan God se versoener en regeerder.

Hy buig voor hom, en hy staan aan hom die tiendes van alles af vir die Here. Hy offer. Abraham se onderwerping is dus aan die Almagtige.

- Melgisédék is Abraham se meerdere. Hy ontvang tiendes uit Abraham se hand vir God die Almagtige.
- Melgisédék is die middel wat God gebruik om Abraham sy geloofsgehoorsaamheid te laat nakom – en om Abraham terselfdertyd te bemoedig!

In Melgisédék het ons twee dinge wat saamvloei:

- Hy is sowel priester as koning, met ander woorde in hom het ons die versoening en

die regering van die Here.

- Die versoening kom uit in die priesterskap.
- En die regering kom uit in die koningskap.
- Die Here regeer dus oor ons sodat ons met Hom versoen kan word – om in sy teenwoordigheid te kan bly.

Die verhaal meld dat Bera, die koning van Sodom, ook daar was toe Melgisédek met Abraham onderhandel het.

- Dit is merkwaardig dat Bera 'n baie ondergeskikte posisie het. Hy moet geduldig sy beurt af wag totdat Melgisédek klaar is met sy optrede.
- Daar is iets simbolies daarin dat die koning van Sodom langs Melgisédek staan om ook aan Abraham hulde te bring.

Kyk nou net na die verantwoordelikheid wat Abraham het!

- Hy kan nie van al twee af hulde ontvang nie.
- Die een staan vir God en die een vir Satan!

Die verantwoordelikheid rus by ons om te weet wie se dankbetuiging ons in die lewe gaan aanvaar, en voor wie ons die mindere sal wees!

- Daarom is Abraham die meerdere teenoor die koning van Sodom.
 - Hy wil (en kan!?) niks van hom aanneem nie.
 - Dit sal beteken dat Abraham die koningskap buite die Koningskap van God ook erken!

Dit is openbaringshistories belangrik om daarop te let dat daar eeue later weer 'n koning met die term *Sedek* (geregtigheid) in sy naam in Salem koning was (Josua 10:1).

- Dié koning was Adóni-Sedek. Sy naam beteken *my Heer is regverdig*. Maar hy het die Here nie geken nie.
- Daar is 'n sinspeling daarin dat die oorspronklike heilstaat wat God vir ons gegee het, verlore gegaan het.
- Daarom kom die Verlosser van die mensdom na dieselfde plek toe om weer die eer van God te herstel in Jerusalem.

2. Die versoening van die Priesterkoning en ons

Teenoor Melgisédek staan Abraham daar as die mindere wat aan Melgisédek sy tiendes afstaan. Die betekenis:

- Abraham staan daar vir die kerk wat op die begin van sy heilspad is.
- Die kerk moet haar altyd aan die ewige Priesterkoning van God onderwerp.
- Dit toon ook die einde van die pad aan: Salem of Jerusalem. Ons pad eindig in ewige vrede onder God se geregtigheid.

Ons het nie 'n aardse stad Salem nie, maar ons het wel die ewige stad van God, die Nuwe Jerusalem wat uit die hemel neerdaal. En ons het ook 'n Priesterkoning, Jesus Christus.

- Hy is God se ewige Hoëpriester. Melgisédek was 'n styltipe van Jesus Christus. Daarom sê die Bybel baie duidelik dat die Here van Dawid gesweer het dat die Christus vir ewig Priester sal laat wees volgens die orde van Melgisédek.
 - **Die HERE het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.** (Psalm 110:4 AFR53)
 - **en is deur God genoem 'n hoëpriester volgens die orde van Melgisédek;**

(Hebreërs 5:10 AFR53)

- Hy is ook ewig Koning oor alles wat bestaan: Koning van die Kerk, Koning van die heelal, en Koning van alles wat is en was en sal wees.
- NB: Let daarop dat in Abraham self die priesterskap ook teenwoordig is, want uit sy nasate is Levi die priesterstam gebore. Daar is egter 'n baie groot verskil tussen die priesterskap van Levi en dié van Melgisédek.
 - Levi is die priesterskap van versoening.
 - Melgisédek is die priesterskap van toewyding aan God wat met geregtigheid en vrede gepaard gaan. Dit herinner aan verhoudinge uit die tyd voor die sonde toe die mens in sy tuin priester was van sy Skepper.

Kyk nou mooi waar pas die priesterskap van die Here Jesus Christus in: Hy was ook priester, maar nie uit die stam van Levi nie.

- Daarom versoen Hy nie volgens die hoëpriesterskap uit Levi nie, met ander woorde nie volgens die hoëpriesterskap van Aäron nie.
 - Aäron se hoëpriesterskap was ingestel om simbolies te wees en om te vererf.
 - Daarom het dit met Christus verval en verbygegaan.
- Melgisédek se hoëpriesterskap was bedoel om eenmalig te wees, met ander woorde dit is nie vererf nie.
 - Sy priesterskap is deur God self ingestel. Dit is bedoel om ewig te wees.
- Aäron se priesterskap is buitengewoon; die buitengewone verstryk.
- Melgisédek se priesterskap is die een wat volgens God se normale reël ingestel is. Die gewone is by God die ewige.

Kom ons kyk nou weer na ons Priesterkoning: Hy, die Hoëpriester, is Jesus Christus wat in sekere opsigte is soos wat Melgisédek was.

- Daar staan (Hebreërs 7: 3) dat Melgisédek sonder vader, sonder moeder, sonder dae of lewenseinde is.
 - Natuurlik was hy 'n mens wat ook 'n pa en 'n ma gehad het.
 - Maar hulle was nie priesters of konings nie en daarom het hy nie 'n geslagsregister waarin hy sy afstamming as priesterkoning kan aantoon nie.
 - In hierdie opsig was hy sonder vader of moeder maar wel deur God geroep.
- Hierin het die Here al die koms van sy Seun, ons Priesterkoning, voorspel. Hy sou ook langs die buitengewone weg Priesterkoning word. Hy werk net so enig soos Melgisédek. Maar Hy oortref Melgisédek, want na sy hemelvaart is Hy nog steeds Priester, en Koning.
- Hy het ons met God versoen sodat ons die ewige vrede kan hê. Maar Hy het dit anders gedoen as Melgisédek.
- Hy vra nie net ons ootmoed en tiendes, soos wat dit met Abraham die geval was nie.
- Hy het sy eie liggaam gegee om gekruisig te word. Dit was sy offer waarmee Hy al die straf en pyn wat ons van God skei, gedra het, sodat ons die ewige vrede van God kan ontvang.
- Daarom is die vrede wat ons ontvang ook soveel anders as dié van Abraham. Hy gee aan ons die vrede van God se liefde.
- Die Priesterkoning van God is ook die Regter wat oordeel oor die wat reeds dood is, en die wat nog lewe wanneer Hy op die wolke kom.
 - In hierdie oordeel kom die krag van God se liefde na vore wanneer ons in sy verdienste vrygespreek word van die straf wat ons toekom,
 - en ons regverdig verklaar word, sodat ons in die Koninkryk van God kan

ingaan.

- Dít is die vrede van God se genade: dat Hy ons ons sondes vergewe.
- Hy gee aan ons die vrede van die ewige lewe waar ons volmaak herskep, en met ons liggaam en siel weer verenig, in God se Koninkryk sal woon.
- Dit is 'n vrede wat aan ons toegang verleen na 'n stad van blywende vrede: die Nuwe Jerusalem. 'n Stad waar die ware Priesterkoning woon – Jesus Christus.

Hierdie Priesterkoning het ons almal geroep vir sy diens.

- Sommiges van ons nie net om te glo nie, maar ook nog om ouderlinge, diakens en predikant te wees.
- Daarin is Melgisédek 'n voorbeeld van hoe ons ons diens moet uitoefen. Ons moet dit voluit doen, en onbevrees.

Ons is almal Christene, wat beteken dat ons deel in die priesterkoningskap van Jesus Christus. Watse soort priesters is ons?

- Ons is priesters volgens die orde van Melgisédek, want ons priesterskap is nie versoenend van aard nie.
- Ons priesterskap is om ons vir ewig aan God toe te wy. (Kategismus vraag 32. Vergelyk ook Hebreërs 3:7).

Daar sit ook iets in Abraham se optrede wat ons vir ons rekening moet neem, en dit is die eerlike oorgawe waarmee hy homself en sy besittings tot beskikking van God stel.

- Die ware vrede kan jy dus ook net beleef as jy in jou amp/diens alles wat jy het, aan God gee.
- Laat ons leef vir ons Here Jesus Christus!

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 103:10 (p. 506)

10 God het sy stoel gebou bo lug en wolke, / van waar Hy heers as Koning van die volke,
as HEER van alles op die wêreldrond. / Loof, loof die HEER, o al sy leërmagte,
o eng'le, wat met will'ge heldekragte / die woord volbring wat uitgaan uit sy mond!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 8 September 2013